NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

GELUKWENSING

Gunnar Riedel is onlangs in Duitsland getroud met Meike. Gunnar baie geluk aan jou en Meike van alle Sim Telers , ons is altyd daar vir julle. Gunnar is tans terug op die plaas by sy ouers, Horsti en Renate Riedel.

AANMELDING VAN KALWERS

Die Namibiese Raad wil telers asb aanmoedig en versoek om hul kalwers aan te meld en die geboortekennisgewings in te stuur. Telers moet asb meer dissipline aan die dag le.

VRUGBAARHEIDSVEREISTES

KALWING VAN VERSE
Verse moet voor die ouderdom van 39 maande kalf. Vanaf 1 September 2015 sal alle verse wat 39 maande en ouer is wat nog nie gekalf het nie outomaties gekanseleer word.
TUSSEN-KALF-PERIODE
Neem asseblief kennis dat alle vroulike diere wat die 730 dae tussen-kalf-periode oorskry vanaf 1 September 2015 gekanselleer sal word.
DEKKINGS- & KI DATUM en/of BUL IN/UIT
Vanaf 1 Januarie 2015 moet die dekkings en KI datum en/of Bul in/uit, die geboortekennisgewing vergesel. Dit sal sinvol wees om die huidige "Days to Calving" vorm vir die doel te gebruik. Indien die dekkingsdatum nie voorsien word nie, sal die geboortes nie opgeneem word nie. Diere wat aangedui is op die "Days to Calving" vorm en wat uitgeskot is, se uitskotkodes moet aan die kantoor voorsien word.

SIMBRA BRANDMERK

Dit word bevestig dat alle Simbra bulle gebore vanaf 2012 en daarna wat gekeur word vir registrasie, die voorgestelde brand op die linker blad moet kry. Die brand is dus verpligtend, en dien as waarborg dat die bul geregistreer is as 'n Simbra bul. Telers wat nie brandysters deur die kantoor

bestel het in Desember 2014 nie, kan brandysters gaan aankoop by Metallum in Lafrenz Industriele area.
Bulle wat voor 2012 gebore is en wat kwalifiseer kan ook gebrand word.

SIMBRA SPEENGEWIGTE

Daar is besluit dat alle Simbras gespeen na 1 Januarie 2015 'n speengewig geneem, tussen 80dae en 300dae ouderdom, tesame met die kalf se ma se volwasse koeigewig geneem op dieselfde weegdatum, op rekord moet hê om geregistreer te kan word.

VADERSKAPBEPALING

Vaderskap bevestiging van bulle gebore, vanaf 1Januarie 2014 wat as teelbulle gebruik sal word, word vereis. Alle bulle wat op die SimXtravaganza veiling aangebied word, moet n positiewe vadersskap he . Ons as genootskap en sy telers verbind hulleself tot betroubare stamboom inligting . Die Simbra Komitee beveel egter aan dat alle verkoopsbulle DNA vaderskap getoets moet word vir veilings.

UITSTAANDE REKENINGE

Telers word versoek om asb rekeninge wat nog uitstaande is te betaal. Rente sal gehef word op rekeninge wat na 30 Junie nie betaal is nie.

OORDRAGTE VAN DIERE VERKOOP

Telers word versoek om die diere wat hulle verkoop se ID nommers deur te gee aan die RSA Kantoor. sodat oordragte na kopers kan plaasvind. Dus belangrik vir die kopers dat hulle die diere wat hulle gekoop het se registrasie sertifikate ontvang. Dit is baie duidelik dat baie telers diere verkoop sonder om die diere aan kopers oor te dra.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

HOOG GEPUNTE SIMBRA BULLE

Die Simbra bul, (foto) Exito ARC 12 576 van Kalla en Sigi Heimstadt wat met n 7 punt gekeur is. Die bul ARC 12 601 is met n 9 punt gekeur. Baie geluk aan die telers . Daar is seker nog bulle wat tydens keuring hoog gepunt is en ons doen n beroep op telers om die ID nrs aan Hennie deur te gee . Vir meer navrae kontak Kalla Heimstadt.

SIMXTRAVAGANZA VEILING

Die volgende Simmentaler bulle van R.E.F. Rusch is deur Bianca ingeskryf, nl.

L 12 26

L 13 7

L 13 8

Telers is welkom om solank na die teelwaardes van die bulle te kyk.

$$$